Landbouvoorsieners Sedert 1922

Tel: 028 8401120
E-Pos: info@vilko.co.za
Web: www.vilko.co.za

# NUUSBRIEF / NEWSLETTER– AUGUSTUS 2022

It is the year in which Villiersdorp Co-op reached a milepost by becomming 100 years old. This newsletter will cover:

- feedback on our centenial celebrations and some photos.
- communication of our new credit policy to members.
- water levels
- input cost outlook
- financial year end in September and budget process
- spring promotion

## 100 Jaar oud

Vilko het op 8 April 2022 'n gala aand gehou om sy honderd jarige bestaan te vier. Dit is op die dag presies 100 jaar gelede op 8 April 1922 wat die Villiersdorpse Moskonfyt en Vrugte Koöperasie gestig is. Die gala geleentheid is deur 264 gaste bygewoon op Villierdorp in die omskepte ou trekker museum wat paslik herdoop is tot die "Mosko Stoor". Natuurlik het dit niks te doen met Rusland nie maar eerder met die moskonfyt wat in die vorige eeu deur die koöperasie vervaardig is.

Die geleentheid is bygewoon deur lede vanuit ons hele streek, die direksie, bestuur, personeel, buur landboubesighede en leiers in die landbou. As gasspreker het prof. Johan Willemse 'n landbou oorsig gegee. 'n Eeufees boek en 'n eeufees gedenkwyn is ook by die geleentheid vrygestel. Die boek gee 'n oorsig oor die gebeure van die afgelope 100 jaar en elke lid is geregtig op so 'n boek. Dit is beskikbaar by die handelstakke en lede wat nog nie een ontvang het nie kan net vra by hul Takbestuurder. Addisionele boeke is ook te koop by die takke en die wyn kan by Villiersdorp Kelder se proelokaal by Kelkiewyn op Villiersdorp gekoop word.

Die gala aand was 'n reuse sukses, maar soos iemand gesê het – is julle reg vir die volgende 100? Vilko sal homself gedurig meet aan die lede se behoeftes om sodoende sy relefansie te verseker.

Ons wil ook van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat die geleentheid bygewoon het asook die borge wat die aand help moontlik maak het.

Gewoonlik is daar 'n kern groepie mense wat voor vat om so iets te reël en wil ons dankie sê aan Nannie Louw vir die reëlings met die gala aand, vir Piet Lötter vir al die tegniese bystand, Iaan de Jongh en Dries Cronje vir reëlings met uitstallers by feesdag, Ben Klindt vir die reël van sprekers en borge asook vir die skryf van die Vilko 100 jaar Gedenkboek. Aan alle ander bestuurslede en personeel wat gehelp het om die feesvieringe 'n sukses te maak ons opregte dank.

## Kredietbeleid

Die konstante groei in besigheid en nuwe wetgewing het ons genoodsaak om die kredietbeleid te hersien en ook spesialis fokus op die afdeling te plaas. 'n Konsep beleid is opgestel en nadat die direksie dit in beginsel aanvaar het is dit voorgelê aan ons prokureur, mnr Stephan Bester wat 'n kundige is op die koöperasiewet, kredietwet asook POPIA wet. Mnr Bester het ook ons huidige statuut opgestel. Die beleid is aangepas by huidige wetgewing en bedryfsbehoeftes en is reeds in werking na goedkeuring van die direksie.

Die volgende aspekte word graag aan die lede gekommunikeer vir toekomstige samewerking in die verband. Ons wil net beklemtoon dat lede geensins bekommerd hoef te wees vir addisionele rompslomp met krediet verskaffing nie. Dit is deurgaans ons doel om die kredietaansoeke so eenvoudig maar tog doeltreffend as moontlik te hou.

- The new credit policy will streamline processes with limit reviews and new applications
- The new credit policy with the statutes of the co-op will be available on the Vilko website from September 2022. Members are encouraged to read this documents as it will provide an understanding of the relationship and privilages of members with their co-op.
- A new application form which adhere to all the law requirements is implimented and will be given to applicants once credit are to be applied for.
- A Debtors office manned by Elize Smit is being put into practice in the Admin offices in Villiersdorp.
- All new applications will be done on the new forms. Existing members will have to complete the new application form in due course to update data and also to fulfill legal obligations. The debtors office will soon send out these requests.

## Water Levels

Ons is al verby die helfte van die jaar en het begin bekommerd raak oor die reën wat nie val nie, toe val daar mildelike reën in die derde week van Augustus wat oor ons hele bedieningsgebied strek.

The following water levels were researched by our irrigation specialist, Barend Visagie and was applicable on 19 August 2022 after the rain.

- Theewaterskloofdam 79,6% (Aug 2021 - 101,9%)
- Elandskloofdam in Kaaimansgat 66,6% (Aug 2021 – 100,8%)
- Houtvelddam in Eerstehoop 90% (Aug 2021 – 100%)
- Eikenhofdam in Grabouw 104,6% (Aug 2021 – 102,1%)
- Koekedouwdam in Ceres 64% (Aug 2021 - 90%)
- Lakenvleidam in Bo Swaarmoed Ceres 82,8% (Aug 2021 – 88,6%)
- The Riviersonderend system looks normal and farm dams are on average 60% full.

These levels give us reassurance that there is enough water to pull through for the new season.

## Insetkoste

Ons almal is bewus van die prysstygings van veral brandstof en elektrisiteit, of die gepaardgaande koste om beskikbaarheid te verseker. Ons het 'n prys vergelyking op 'n paar kern produkte gedoen en verskaf hiermee voorbeelde daarvan by sekere verskaffers:

- PVC pyp styg met 40% a.g.v. van olieprys en wisselkoers (ingevoerde grondstowwe)
- Druplyne en filters vanaf Netafim verhoog met 15%
- Poli-etileen pyp van OKE styg met 30%. Verskaffer verwag darem 'n daling in die nabye toekoms.
- Kleppe en krane van Irrigator verhoog met slegs 12%. Dit is plaaslik vervaardigde produkte en dus nie so blootgestel aan die wisselkoers nie.
- Agriplas produkte styg alles met slegs 7,5%. Hoofsaaklik plaaslike vervaardigde produkte.

- Kunsmis styg met tussen 60% en 125% afhangende van die produk, maar plat tans ook weer af volgens Yara. Verwagting is dat Ureum met 20% gaan daal na 'n aanvanklike styging van 125%.
- Chemikalieë produkte soos Roundup Turbo styg met 100% maar verneem ons van Inteligro dat pryse darem weer bietjie daal. Inteligro verwag ook 'n algemene prysstyging gekoppel aan inflasie in September, gebaseer op die rentekoers aanpassings in die VSA.
- Pakmateriaal pryse het ook aansienlik gestyg die afgelope jaar met stireen rakkies wat 21% gestyg het, pulp rakkies met 12%, binliners met 41%, plastiek sakke met 30%. Karton styg met tussen 21% en 30% vanaf Oktober afhangend wie die verskaffer is. Dit is toeskryfbaar aan die papiertekort wat ondervind word.

Ons het navraag gedoen by Wandile Sihlobo, ekonoom van Agbiz (Agricultural Business Chamber) oor die vooruitskouiing van insetkoste vir die nabye toekoms op veral vrugte boerdery. Ons is toe genooi om in te skakel by BFAP (Bureau for Food and Agricultural Policy) se jaarlikse Baseline event waar vooruitskouing jaarliks vir die volgende 10 jaar gedoen word. Van die aspekte wat uitgekom het was dat:

- alhoewel prys toename vir landbou produkte ervaar is tot onlangs, het insetkoste ook dramaties toegeneem
- die insetkoste stygings is 'n groot bedreiging veral in die horticultural sektor omrede vooruitsigte vir pryse van vrugte nie goed is nie weens verskeie redes onder andere;
  - Logistieke probleme by hawens wat die kwaliteit van bederfbare produkte beïnvloed en daarmee saam die pryse afwaarts druk
  - Ongegronde heffings en/of beletsel van Europese lidlande op SA invoere van vrugte
- globale groei van omtrent alle lande toon dalende neigings weens die covid pandemie
- oral in die wêreld is verbruikersbesteding nog onder druk as 'n nasleep van covid en die Oekrainiese oorlog
- arbeid is 'n groot deel van die koste in die landbou waardeketting (soveel as 35%). Die bedreiging wat vakbonde inhou, sonder inagneming van die ekonomiese sneeubal, moet versigtig bestuur word deur die landbou industrie.

Hierdie is 'n baie sombere prentjie wat geskets word vir die landbou. Boere se winsgewendheid gaan onder druk kom. Dit is in sulke tye wat die waarde van die bou van reserwes besef word, want dit verskaf aan die produsent net daardie tydjie wat nodig is om die ekonomiese golf uit te ry.

Aan die positiewe kant blyk dit dat die brandstofprys afwaarts neig.

Die oplossing blyk te wees om te probeer beheer wat jy as produsent kan beheer soos om produktiwiteit na te streef, kostes te besnoei en om ekonomie van skaal na te streef.

BFAP se Baseline 2022 is gelaai op hulle webwerf en kan u die video's volg by die volgende skakel: BFAP Baseline 2022 - YouTube – die video's van Dr Tracy Davids en Prof Ferdi Meyer is veral insiggewend.

***Verder het u vir Vilko as 'n koöperasie om op te steun om sodoende te verseker dat u altyd die beste pryse en diens kan ervaar. Vilko sal sy prysbeleid hersien en aan die direksie voorlê saam met die begroting om sodoende te kyk hoe produsente gehelp kan word om die prysstygings te absorbeer.***

## Algemeen



Ons het onlangs vir Adri Beukes aangestel by ons Ceres tak as Vloerbestuurder. Sy het goeie kennis van boumateriale en kan ook help met enige ander navrae. Lede kan met haar kontak maak by abeukes@vilko.co.za of skakel die tak by 023 312 3411.

Ons het ook besluit om die geriefswinkel by die Caltex vulstasie op Villiersdorp 'n naam te gee – Die Treintjie Stop. Vernoem na die eerste bate wat Villiersdorp Koöperasie 'n 100 jaar gelede aangeskaf het. Dis 'n stoomenjin op wiele wat lyk soos 'n trein lokomotief en wat vandag nog pryk as 'n museumstuk reg langs die vulstasie.

## Financial Year end and budgeting process

Ons finansiële jaareinde is 30 September en voorraad tellings by al ons takke gaan geskied gedurende die week van 29 September tot 1 Oktober. Ons sal ons kliënte betyds inlig van wanneer ons takke gesluit sal wees.

Die nuwe jaar se begroting word voorgelê aan die direksie op 15 September. In die begroting word die planne vervat wat die uitdagings wat die toekoms inhou die hoof kan bied. Die goedgekeurde begroting sal in die jaarverslag breedvoerig aan die lede gekommunikeer word.

## LENTE PROMOSIE

Daar is weer 'n Lente promosie by al ons takke wat sal geld en wel vanaf 26 Augustus tot 24 September 2022.
Die promosieblad word aangeheg by hierdie nuusbrief. Dit sal ook by al ons takke beskikbaar wees en ook op ons Facebook blad verskyn

Vilko Groete
Bestuur
Augustus 2022

# FOTOS VILKO 100 JAAR GALA AAND







Die 100 jaar boek en eeufeeswyn word uitgestal by die gala aand




Gaste kom aan by die gala geleentheid. In die voorgrond is 'n paar Ceres lede herkenbaar,
Tony Duckworth, Ean von Buddenbrock en Sarina van der Westhuizen




Iaan de Jongh en Dries Cronje van Villiersdorp handelstak met hul gades



AGRI SA CEO Christo van der Rheede and his wife Merlyn



Japie Groenewald van Betko en sy vrou Jackie



AGBIZ CEO Theo Boshoff and his wife Meghan welcomed by Nannie Louw




Gielie Geldenhuys van Ceres met sy vrou Lorraine



Richard Myburgh, Villliersdorp Koöperasie direkteur, saam met sy vrou Yvette



Johan Roux, Villiersdorp Koöperasie direkteur, saam met sy vrou Sonel



Willem Viljoen, Villiersdorp Koöperasie direkteur saam met sy vrou Susene en Sonel Roux




Frikkie en Lynette Jacobs van Queen Anne Plaas, Emile en Valmarie Pretorius van Chiltern Plaas



Oom Daniel Roux oud voorsitter van Vilko saam met sy vrou Alida



Eniel en Juan Viljoen van Villiersdorp



Hendrik en Christelle Griessel van Stettyn, Worcester



Philip en Judine Botha van Stettyn, Worcester



Albert Lingenfelder en sy vrou Estienne met Andrew Gunn Direkteur van Villierdorp Kelder in die agtergrond



Steph Roux wat lank op Vilko se direksie gedien het en sy vrou Hannalie



Dr Pietie le Roux oud onder-voorsitter van Vilko en sy vrou Sarie



Jaco Smith van Yara met sy vrou Jorina



Edu en Jodine Roux van Villiersdorp



Jaco Theron direkteur van Villiersdorp Kelder en sy vrou Jeanine




Chantelle Wasserman van Villiersdorp hou die 100 jaar boek vas saam met die eeufeeswyn wat aan gaste uitgedeel is by die gala aand



Tielman Marais, Wian Smith en Werner Bekker van Inteligro op Vyeboom



Francois Swanepoel (SSK), Dirk van Papendorp (SSK), Timo le Roux (Vilko), Marius Klein (Humansdorp Koöp), Henk Aggenbach (Humansdorp Koöp) en Ben Klindt (Vilko)